Publication: Sake (Rapport KZN)
Date: 05 Feb 2017
Page: 3

# Belasting kan groot hap vat van uitbetaling

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek kyk vandag na die uitwerking van belastingberekeninge as jy voor aftrede geld uit 'n aftreefonds onttrek.

Ons wil almal minder belasting betaal. Mense is egter soms so gretig om hul hande op hul aftreegeld te kry dat hulle vergeet om te kyk hoeveel daarvan onnodig in die belastinggaarder se sak beland.

Elke keer dat jy van werk verander en jou aftreegeld aan jou laat uitbetaal, vat Jan Taks 'n groot deel. As jy 'n skeidingspakket in kontant laat uitbetaal, vat hy 'n groot deel. En dan, wanneer jy aftree, vat hy weer 'n deel.

Maar wat min mense weet, is dat die somme elke keer van voor af gedoen word. Dit geld alle kontantonttrekkings by aftrede uit aftreefondse sedert 2007, alle kontantonttrekkings uit aftreefondse by bedanking sedert 2009 en alle skeidingspakkette wat uitbetaal sedert 2011.

Die vorige onttrekkings word weer in berekening gebring wanneer die belasting op die "nuwe" onttrekking bereken word.

Die belastingvrye deel op 'n bedanking-onttrekkingsvoordeel uit 'n aftreefonds is tans R25 000. Op 'n aftrede-kontantonttrekking (dit is by aftrede self) is dit R500 000. Die vrystellings is eenmalig oor jou leeftyd. Laat ek by wyse van 'n voorbeeld verduidelik:

Jy het in 2013 bedank en jou aftreefondsvoordele, kom ons sê R500 000, sowel as 'n skeidingspakket, kom ons sê R700 000, is in kontant uitbetaal. Jy het toe op albei bedrae gesamentlik belasting betaal.

Jy het sedertdien weer by 'n pensioenfonds aangesluit en tree die einde van hierdie maand af. Jy mag volgens wet een derde kontant neem en dit is, kom ons sê, R350 000. Wat is die belasting hierop?

Normaalweg, sonder die 2013-uitbetalings, sou die hele R350 000 belastingvry wees, want die eerste R500 000 by aftrede is belastingvry.

Maar omdat jy voorheen geld uit sowel 'n aftreefonds as 'n skeidingspakket onttrek het, moet daar eers belasting bereken word op 'n gesamentlike "hipotetiese" kontantbedrag van R1 550 000 (R500 000 + R700 000 + R350 000).

Dit is stap 1 in die som en volgens die huidige skaal is die belasting hierop R310 000. In stap 2 moet jy die som maak asof jy nou uittree en belasting op net die twee vorige bedrae bereken, dus op R1 200 000 (R500 000 + R700 000). En hierop is die belasting R184 000.

Trek dan die bedrag in stap 2 van die bedrag in stap 1 af. Dit is die belasting wat jy sal betaal op die R350 000 wat jy nou onttrek.

Dit is R126 000 (R310 000 - R184 000), wat 36% is, die hoogste koers vir aftrede-kontantonttrekkings. Dit kan 'n skok wees vir iemand wat verwag het die hele bedrag (synde minder as R500 000) is belastingvry. Dis minder as die helfte van die verwagte geld in jou sak.

In ons voorbeeld sou dit beter wees om nie die kontant (een derde) by aftrede te neem nie, wat meer sou laat vir 'n pensioen, wat teen 'n laer koers belas sou word.

Hierin is twee lesse. Moet liewer nie kontant onttrek as jy bedank of afgelê word nie. Die geld kan belastingvry oorgedra word na 'n uittree-annuïteit of 'n bewaringsfonds.

En finansiële beplanning is 'n moet as jy ernstig is oor jou geld. Moenie sommer algemene kennis vir soetkoek opeet nie. Kry kundige hulp.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission